

Die Plaaslike Gemeente



God het drie instellings gevestig:

- ✓ Die huwelik (Genesis 2:18-24)
- ✓ Menslike Regering (Romeine 13:1-7)
- ✓ Die Kerk (Handelinge 20:28 & Efesiërs 5:23 & 1 Korintiërs 12:13)



Die kerk kan beskou word as twee begrippe ...

- ➔ Die Universele Kerk
- ➔ Die Plaaslike Gemeente



In die Nuwe Testament word die Griekse woord *ekklesia* gebruik vir die kerk. Hierdie term beteken:

- ➔ 'n Liggaam van geroepe mense
- ➔ 'n Groep mense wat uit die wêreld

Die Universele Kerk

- ✓ Dis die "Liggaam van Christus" wat bestaan uit mense wat hul sondigheid aan die Here bely en Jesus as hulle persoonlike Verlosser aanvaar het deur die geloof alleen. 1 Korintiërs 12:27
- ✓ Wanneer 'n persoon Jesus Christus as sy of haar persoonlike Verlosser aanvaar, doop (plaas) die Heilige Gees hulle in die liggaam van Christus. 1 Korintiërs 12:13

Die Plaaslike Gemeente

- ✓ Die Bybel praat dikwels van die "kerk" in 'n plaaslike sin, waar die woord "kerk" gebruik word om 'n groep van Gelowiges (die Liggaam van Christus) op 'n spesifieke plek (as gemeente) te beskryf...
 - ➔ Jerusalem (Handelinge 8:1; 11:22)
 - ➔ Efese (Handelinge 20:7)
 - ➔ Kenchrée (Romeine 16:1)
 - ➔ Korinte (1 Korintiërs 1:2; 2 Korintiërs 1:1)
 - ➔ Laodicea (Kolossense 4:16)
 - ➔ Tessalonika (1 Tessalonisense 1:1)
 - ➔ Die gemeentes van Galásië (Galasiërs 1:2)
 - ➔ Die gemeentes van Judea (1 Tessalonisense 2:14)
 - ➔ Die gemeentes van Asië (Openbaring 1:4)
- ✓ Die Skrif praat ook van die plaaslike "kerk" in die algemeen ...
 - ➔ Handelinge 16:5, 1 Korintiërs 7:17



Die kerk is ...

- ✗ Nie 'n gebou nie
- ✗ Nie 'n denominasionele groep gemeentes nie
- ✓ Mans, vroue en kinders wat gered is



Die Funksie van die Plaaslike Kerk

✓ Om God te Verheerlik

➔ Deur Hom te aanbid

Johannes 4:23

"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.. "

➔ Deur Gebed en Lofprysing

Psalm 50:23a

"Die een wat dank offer, eer My"

➔ Deur 'n lewe van toewyding te leef

Johannes 15:8

"Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees."

✓ Om sy lede te Stig

➔ Deur Gelowiges toe te rus om te verstaan en God se Woord te gebruik

Efesiërs 4:11-13

¹¹ En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, ¹² om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, ¹³ totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;

➔ Deur Gelowiges in hulle kennis van God se Woord op te bou deur onderrig

Kolossense 2:6-7

⁶ Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, ⁷ gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging.

(Sien ook 1 Korintiërs 14:26 & 2 Timoteus 2:2)

✓ Om die Wêreld te Evangeliseer

➔ Deur die Goeie Nuus te deel binne sy eie gemeenskap

➔ Deur die Goeie Nuus te deel buite sy eie gemeenskap

Handelinge 1: 8

"maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde."

(Sien ook Matteus 28:18-20 & Handelinge 13:1-3; 14:27 & Romeine 10:13-15)



Die Toekomstige Lotsbestemming van die Kerk

- ✗ Die Kerk sal nie die wêreld bekeer nie
- ✗ Die Kerk sal nie verhoog word tot 'n posisie van beherende invloed in die sosiale, ekonomiese en politieke lewe nie

2 Timoteus 3:1-7

"¹ Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. ² Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, ³ sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, ⁴ verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; ⁵ mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af. ⁶ Want uit hulle is die wat in die huise insluip en arme vroue gevange neem wat met sondes belaaï is en deur allerhande begeerlikhede gedryf word, ⁷ wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie."

(Sien ook Matteus 24:3-12 & 1 Timoteus 4:1)

Daar sal geen massa-bekering tot die Here wees nie, maar die lewe sal voortgaan net soos gewoonlik. Dit word aangedui deur Christus se stelling: "En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens" (Lukas 17:26). Dat die wêreld nie bekeer sal word nie, is geleer deur die gelykenis van die onkruid (Matteus 13:24-30, 36-43) en die gelykenis van die treknet (Matteus 13:47-50). Goed en kwaad sal bly voortbestaan tot die einde van die wêreld. (*Theissen, Henry Clarence. Lesings in Sistematiese Teologie*)

- ✓ Die Kerk sal 'n plek van seën en eer inneem
 - ➔ Die Kerk sal eendag met Christus verenig word
 - ⚙ Die kerk staan bekend as "die bruid van Christus" (Sien 2 Korintiërs 11:2 & Efesiërs 5:27)
 - ⚙ In 2 Tessalonisense 2:1 & Openbaring 19:7 is die kerk se eenheid met Christus voorspel.
- ✓ Die kerk sal saam met Christus regeer
 - ➔ Tydens Christus se Duisendjarige heerskappy
 - 1 Korintiërs 6:2
 - "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?" (Sien ook Openbaring 1:6; 2:26; 3:21; 20:6)
 - ➔ Vir ewig in die nuwe hemel en die nuwe aarde
 - Openbaring 22:3-5
 - ³ En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. ⁴ En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. ⁵ En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

Die Rol van die Gelowige in die Plaaslike Kerk

Die plaaslike kerk kan slegs sy godgegewe doel bereik tot die mate waarin Gelowiges deelneem. Gelowiges moet aktiewe deelnemers in 'n plaaslike kerk wees, terwyl hulle daardeur aan God se wil vir hulle lewens gehoorsaam is.

✓ Die Gelowige dien

- ➔ Sommige mense gaan kerk toe oor wat hulle kan ONTVANG (goeie onderrig, die seën om by ander Gelowiges te wees, ens.), maar 'n toegewyde Gelowige gaan kerk toe, nie net om te ONTVANG nie, maar om te GEE (nie net om bedien te word nie, maar ook om te bedien, nie net om gedien te word nie, maar om self te dien).

Hebreërs 12:28

"Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees."

Romeine 12: 1

"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens."

✓ Die Gelowige deel graag die Evangelie

Romeine 1:16

"Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek."

✓ Die Gelowige moet in gehoorsaamheid aan Christus se opdrag gedoop word

Mattheus 28:19

✓ Die Gelowige moet met blydschap aan die Nagmaal deelneem

1 Korintiërs 11:23-26

✓ Die Gelowige is getrou in sy kerkbywoning

Hebreërs 10:24-25 & Handeling 2:42 & Kolossense 3:16

✓ Die Gelowige maak dit 'n prioriteit om God se Woord gereeld te bestudeer en tyd in gebed te spandeer

2 Timoteus 2:15 & Hebreërs 4:16

✓ Die Gelowige is 'n vrolike en bereidwillige GEWER (talente, tyd & finansies)

2 Korintiërs 9: 7

✓ Die Gelowige leef 'n lewe wat gerig is tot God

2 Korintiërs 5:15 & Filippense 2:15



Lees: 1 Korintiërs 12:12-31

Paulus gebruik 'n vergelyking met die fisiese menslike liggaam. Net soos wat 'n mens se fisiese liggaam baie lede het wat verskillende funksies verrig (soos die oë, neus, mond, vingers, arms, bene, tone, ens.), so is dit nodig dat die lede van die kerk verskillende funksies moet verrig volgens die talente en vermoëns wat God aan hulle gegee het. Geen enkele lid is belangriker as die ander nie. Sien ook: Romeine 12:4-5; Efesiërs 4:11-13; Kolossense 1:18; 2:19

Les # 9



Wanneer 'n mens praat van die kerk, na watter twee begrippe kan dit verwys?



Wat is 'n ander naam vir die kerk?



Waarom is die kerk nie 'n gebou of 'n denominasionele groep gemeentes nie?



Lys drie funksies van die plaaslike kerk.

1.

2.

3.



Wat is die twee verantwoordelikhede wat die kerk sal hê gedurende die duisendjarige vrederyk van Christus, en daarna in die nuwe hemel en nuwe aarde?

1.

2.



Hoekom moet 'n Gelowige 'n aktiewe deelnemer in 'n plaaslike kerk wees?



Met wat vergelyk die apostel Paulus die kerk in 1 Korintiërs 12 en waarom is dit belangrik vir elke gelowige om sy/haar deel in die kerk te doen?
